Publication: Volksblad
Date: Friday, March 26, 2021
Page: 5

Koleka Mlisana neem leisels by Karim

Christiaan du Plessis

Prof. Salim Abdool Karim glo die ministeriële advieskomitee (MAK) oor Covid-19 is in goeie hande nadat sy bedanking as die medevoorsitter gister amptelik aangekondig is.

Hy was aanvanklik die enigste voorsitter toe die komitee bykans 'n jaar gelede in die lewe geroep is om wetenskaplike raad rakende die Covid-19-pandemie aan dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, te verskaf.

Prof. Koleka Mlisana, voorsitter van die komitee se subkomitee vir laboratoriumtoetse, is reeds in Abdool Karim se plek aangestel, en prof. Marian Jacobs behou die ander pos as medevoorsitter.

Abdool Karim het gister in 'n verklaring gesê hy het byna 'n jaar nadat sy termyn begin het, bedank omdat hy weer op navorsing oor MIV en vigs wil fokus en sy akademiese verpligtinge wil nakom.

"In die MAK werk jy vir die liefde van die saak, stoei jy daagliks met 'n klomp inligting en sif jy deur feite, fiksie, samesweringsteorieë, aannames en vooruitskattings om wetenskaplik gegronde inligting te lewer," sê hy.

Mkhize het in 'n afsonderlike verklaring Abdool Karim, een van die land se voorste en bekroonde wetenskaplikes, bedank vir die rol wat hy gespeel het in die regering se hantering van die pandemie.

"Hy het 'n betroubare figuur vir so baie Suid-Afrikaners geword, wat gewoond geraak het aan sy unieke vermoë om komplekse wetenskaplike konsepte in eenvoudige terme te verduidelik sodat almal van ons dit kan begryp."

Volgens die minister het Jacobs daartoe ingestem dat die komitee geherstruktureer word om beter te kan reageer op die jongste verwikkelinge van die pandemie.

"Die name van die hele komitee sal aangekondig word sodra die aanstellingsproses voltooi is."

Mkhize sê hy het volle vertroue in Mlisana se kundigheid en vaardigheid en hy het haar ook sterkte toegewens met haar nuwe rol om die regering te ondersteun.

Prof. Mosa Moshabela, dekaan van die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) se departement openbare gesondheid en verpleegkunde, en 'n oudkollega van Mlisana, sê sy is die regte vrou vir die werk.

"Sy het reeds ervaring oor hoe die MAK funksioneer en boonop het sy 'n goeie verhouding met Mkhize. Die twee sal dus goed kan saamwerk."

Volgens Moshabela sal Mlisana se grootste uitdaging wees om, soos Abdool Karim, komplekse wetenskaplike konsepte op 'n eenvoudige manier aan die publiek te verduidelik.

Mlisana is tans die uitvoerende bestuurder van akademiese sake, navorsing en gehaltebeheer in die nasionale gesondheidslaboratoriumdiens. Sy was voorheen die departementshoof van mediese mikrobiologie by die UKZN.

Sy was langer as 'n dekade betrokke by navorsing oor MIV en sy het destyds met Abdool Karim saamgewerk in die sentrum vir die vigsnavorsingsprogram in Suid-Afrika. Sy was lid van die raad van trustees van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad.



Prof. Salim Abdool Karim

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.